# Kareeberg Munisipaliteit

## 4/2023 KWOTASIE: HERSTELWERKE AAN VOERTUIE

Skriftelike, getekende kwotasies word hiermee ingewag vir herstelwerke aan voertuie vir 'n tydperk van 12 maande. Kwoteerders moet aandui die arbeidskoste per uur. Herstelwerke sal geskied soos nodig. Onderdele sal addisioneel betaal word.

**Kwoteerders moet hulle belastingnakomingsstatus PIN verstrek. Die unieke MAAA nommer moet ook op die Kwotasie verstrek word (moet registreer wees vir herstel van voertuie). Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. Die BBEE vrystelling verklaring moet oorspronklik beëdig wees. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Die 80/20 puntestelsel is van toepassing. Let wel dat alle vorms wat benodig word op die webtuiste, www.kareeberg.co.za beskikbaar is.**

Verseëlde kwotasies gemerk **"KWOTASIE: Herstel voertuie"** moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 3 Februarie 2023** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Kwoteerders moet die geldigheidsduur van die kwotasie aandui.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar. Met oorweging van kwotasies sal die prys, sowel as die afstandkoste waarheen die voertuig geneem moet word, inaggeneem word

**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

13 Januarie 2023

L8.2.1

Noordwester: 13 Januarie 2023